**Dinsdag 31 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 69**
**Fokusgedeelte: Psalm 69:17, 18 (AFR53)**
**Sal die Here regtig na my luister?**

In enige nood is daar ook ’n uitkoms uit die nood. Die vraag is net: Op grond waarvan glo ek dat daar ’n uitkoms is? Mag ek tot God om hulp roep op grond van die omvang van my nood? As die digter sê *“Die waters het tot by die siel gekom”* (vs 2), dan lyk dit so, maar dan sê hy ook weer: *“Ek sink in grondelose modder … en die stroom loop oor my”* (vs 3), asof sy eie swakheid as mens die grond vir sy noodroep is. Soveel te meer is sy eie swakheid die grond as hy byvoeg: *“Ek is moeg van my geroep … terwyl ek wag op my God”* (vs 4).

So kan ons verskillende redes hê op grond waarvan ons die “reg” het om tot God te roep in nood. Die digter sit as redes by: die mense wat hom sonder rede haat (vs 5); sy eie verkeerde dade (vs 6); sy familie wat teen hom is (vs 9); sy ywer vir die huis van die HERE (vs 10) en die spot van mense wat hom in die openbaar beskinder (vs 13). As ons sulke redes aanvoer as grond vir ons “reg” om in ons nood tot God te roep, moet ons net een ding onthou – soos blyk uit talle voorbeelde uit die psalms – dis niks nuut nie.

Maar daar is tog Een wat vir ons ’n nuwe en lewende reg geskep en bekragtig het as ’n verbond in sy bloed. Hy gee ons die reg om in alle nood ons te beroep op God se ontfermende liefde op grond van Jesus se lyding en gehoorsaamheid tot die dood. En ons God sal, ter wille van sy eer, sy barmhartigheid nie terughou van sy kinders nie.

*Sing: Skrifberyming 20-1:1-7/Skrifberyming 49:1-7*
*Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)*